Hoërskool Driehoek

INLIGTINGKOMMUNIKASIEBELEID
EN
AANVAARBARE GEBRUIKERSBERLEID

INLEIDING

Skole word daagliks onder druk geplaas oor hoe rekenaars, persoonlike toestelle soos selfone, tablette en so meer effektief gebruik kan word op opvoedkundige maniere spesifiek in die klaskamers as deel van die leerproses. Op sekere tye moet skole hierdie elektroniese toestelle bestuur om moontlike gevare wat dit inhou, te vermy.

Die Inligting Kommunikasie (IKT) infrastruktuur wat beskikbaar is by Hoërskool Driehoek, is toeganklik vir alle personeel, leerders en gaste wat die skoolgronde betree. Omdat administratiewe personeel, onderwysers en leerders afhanklik is van tegnologie om hul werk suksesvol te doen, is dit belangrik dat daar konsensus is oor hoe hierdie toestelle gebruik word en waarvoor. Duidelike riglyne moet deurgegee word en 'n gedragskode moet vasgelê word.

Die beleid en riglyne in hierdie dokument dien beide om die gebruik van elektroniese toestelle aan te moedig en uit te brei op konstruktiewe en opvoedkundige wyses, asook om die moontlikhede gevare wat daardeur kan ontstaan te beperk.

'n Ooreenkoms met die gespesifiseerde voorwaardes is 'n vereiste vir almal wat van die skool se tegnologiese infrastruktuur gebruik maak.

Hierdie beleid handel oor:

AFDELING 1: ELEKTRONIESE TOESTELLE SE AANVAARBARE GEBRUIKERS BELEID (AUP – ACCEPTABLE USER POLICY)

AFDELING 2: BRING-YOU-EIE TOESTEL (phones, smartphones, tablets etc.)

AFDELING 3: NORMES EN GEDRAG vir ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE en die GEBRUIK VAN INTERNET

AFDELING 4: KAMERA OPNAME EN DIE MONITERING DAARVAN ASOOK ELEKTRONIESE TOESTELLE

AFDELING 5: NAGEVOLGE VAN DIE OORTREDING VAN HIERDIE BELEID, GRIEWE PROSEDURES & TUGVERHORE

Hierdie beleid moet gelees word saam met die beleide en beginsels wat deel vorm van die duisende gedragskodes van die skool en word deur die skool se reëls en regulasies beheer.

Toepaslike wetgewing sluit in, maar is nie beperk nie tot:

1. The Constitution of South Africa
2. The Films and Publication Act 65 of 1996
3. The Children's Act 38 of 2005
4. Criminal Law (Sexual offences and related matters). Amendment Act 32 of 2007
5. Protection from Harassment Act 17 of 2011
6. The Protection of Personal Information Act 4 of2013
7. The Electronic Communication and Transactions Act 25 of 2002

AFDELING 1: ELEKTRONIESE TOESTELLE SE AANVAARBARE GEBRUIKERS-BELEID (AUP – ACCEPTABLE USER POLICY)

ALGEMEEN

Skootrekenaars, mobiele toestelle kan in klaskamers as 'n leerinstrument gebruik word en die hoofdoel daarvan is om dit vir opvoedkundige doeleindes te gebruik. Enige hulpmiddels wat opvoedkundig voordelig is moet aangemoedig word; enigeiets wat die leerproses vertraag, moet vermy word. Omdat leerders, personeel en gaste op skoolgronde is en die skool se infrastruktuur gebruik, sal die idee van privaatheid as sekondêr beskou word van die skool se opvoedkundige doeleindes. Dienoorkomstig, sou 'n personeellid vermoed dat 'n leerder enige van die skool se tegnologiese infrastruktuur (insluitend internet, rekenaar ens.) misbruik, is die personeellid geregtig en word daar inderdaad verwag om in te gryp en die inhoud van die elektroniese toestel of fasiliteite te inspekteer om te verseker dit oortree nie enige Skoolbeleid of die Inligtingkommunikasiebeleid en die Aanvaarbare Gebruikersbeleid nie. Dit sal spesifiek, maar nie net, met die berging verband hou van onwettige musieklêers, pornografie, antisosiale materiaal, inbraakmateriaal of materiaal wat inbreuk maak op kopieregwetgewing nie.

IN DIE KLASKAMERS

- Geen leerders mag musiek luister terwyl hulle werk sonder die toestemming van 'n onderwyser nie.
- Leerders mag nie enige sosiale media gebruik gedurende klastyd nie tensy die onderwyser hul opdrag gegee het.
- Leerders mag nie enige speletjies (aanlyn of aflyn) op hul mobiele toestelle, tablette of skootrekenaars gedurende klastyd speel nie tensy dit deel uitmaak van die onderrigplan of deel uitmaak van die onderwyser se aktiwiteite.
- Leerders moet die gebruik van internet respekteer en aanvaar dat dit 'n hulpbron is wat gedeel word en daarom nie onnodige "Apps" en materiaal aflaai nie.
- Leerders word nie toegelaat om enige iets op die skool se drukkers te druk sonder die toestemming van 'n departementshoof of 'n bestuurslid van die skool nie.

AFDELING 2: BRING-YOU-EIE TOESTEL (phones, smartphones, tablets etc.)

Die privaatheid van die persoonlike inligtingswet word toegepas. Enige persoonlike inligting wat 'n persoon kan identifiseer mag nie gedeel word op enige publieke forum sonder die persoon se toestemming nie. Die skool werk op 'n Bring-Jou-Eie-Toestel konsep, let wel die skool voorsien geen leerder van enige elektroniese toestelle nie.

ALGEMEEN

Leerders word toegelaat om mobiele toestelle by die skool te hê. As 'n leerder 'n mobiele toestel by hom/haar het wanneer dit nie vereis word nie, moet dit afgeskakel wees of op 'silent' wees. Indien die basiese skoolreëls en die reëls in die Inligtingkommunikasiebeleid en die Aanvaarbare Gebruikersbeleid nie nagekom word nie, mag die leerder se mobiele toestel gekonfiskeer word.

Die skool en/of personeel aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlore, beskadigde, gesteelde toestelle nie. Die skool se onderwysers, hoof, adjunkhoofde en administratiewe personeel is by magte om 'n leerder se elektroniese toestel te ondersoek indien daar vermoed word dat hy/sy die skool se tegnologiese infrastruktuur misbruik of enige skoolreëls oortree.

IN DIE KLASKAMER

- Gedurende klastyd is dit die prerogatief van die onderwyser van die spesifieke klas om te besluit hoe en wanneer die mobiele toestelle gebruik mag word.
- Voor toetse en eksamens, moet leerders alle mobiele toestelle inhandig by die toesighouers.
- Enige leerder wat in besit is van 'n mobiele toestel gedurende die eksamen.

AFDELING 3: NORMES EN GEDRAG vir ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE en die GEBRUIK VAN INTERNET

ETIESE PRAKTYKE

Daar word van alle personeel, leerders en gaste verwag om die skoolbeleid, gedragskode en die Inligtingkommunikasiebeleid en die Aanvaarbare Gebruikersbeleid te aanvaar en te eer sodat die skool se naam altyd in goeie lig gesien kan word. Deur dit te doen sal niemand:

- die skool se naam oneer aandoen of beswadder nie
- enige materiaal op die enige webtuiste, sosiale media of enige publieke forums plaas sonder die toestemming van die ander persoon of entiteit wat betrokke is nie.
- enige persona of digitale ID van enige iemand op enige sosiale media-webwerf (Facebook, Instagram, Twitter, Tiktok ens.) plaas wat voorgee om die skool te verteenwoordig sonder die toestemming en goedkeuring van die skoolhoof nie.

IN DIE KLASKAMER

Wanneer onderwysers die internet gebruik of toelaat dat die internet en/of sosiale media gebruik word vir skooldoeleindes binne of buite die klaskamer, sal dit gesien word as 'n uitbreiding en/of verlenging van hul klaskamer in terme van wat toegelaat en aanvaar word aanlyn. Geen foto's, video's of enige opname mag in 'n klas geneem of opgeneem word sonder die toestemming van die betrokke onderwyser nie.

TAALGEBRUIK

Boodskappe, video opnames wat op enige sosiale media geplaas word, mag geen persoonlike aanval ('flaming') bevat nie. Boodskappe moet volgens die reëls van aanvaarbare publieke taalgebruik wees. Geen boodskap wat op 'n publieke forum / omgewing geplaas word, mag enige onwelvoeglike taalgebruik of inhoud bevat wat die skrywer nie gewillig is om te deel tydens skoolvergaderings nie.

PORNOGRAFIE

Beide die Wet op Films en Publikasies en die Wet op Seksuele Misdrywe maak dit 'n oortreding vir 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar wat:

- na enige pornografie kyk
- in die besit is van enige pornografie
- enige pornografie aflaai van die internet af
- handeldryf met pornografie

- enige gelisensieerde gronde toetree waar pornografie wettig verkoop word
- enige ander persoon blootstel aan pornografie wat onder die ouderdom van 18 jaar is

Kinderpornografie

Volgens die Suid-Afrikaanse Wet, is kinderpornografie enige naakfoto, beeld wat die geslagsdele van 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar toon.

Pornografie by die skool

Besitting en/of verspreiding van pornografie by die skool is 'n ernstige oortreding. Die kyk en verspreiding van enige beeldmateriaal wat pornografies is, is 'n ernstige aanklag of oortreding. Asook die volgende aktiwiteite wat as pornografie gesien word: "sexting", verspreiding van naakfotos ('selfies'), verspeiding van pornografiese foto's en videos van ander vriende/vriendinne, enige verspreiding van foto's en videos wat enige seksuele aktiwiteite bevat.

BOELIEWERK EN TEISTERING (AFLYN OF AANLYN)

Die volgende gedrag is te alle tye onaanvaarbaar:

- Aanvalle op die personeel, die leerlinge of ander persone op enige digitale kommunikasieforum
- Kuberafknouery. Volgens die skool se boeliebeleid sluit afknouery in, (maar is nie beperk tot):
    - gedrag wat vertolk kan word as die sistematiese, ongenooide, herhaalde en opsetlike mishandeling van 'n ander persoon oor 'n tydperk
    - 'n ander persoon seermaak ('n ander persoon seermaak of in die verleentheid stel)
    - herhaalde dreigende gedrag wat bedoel is om 'n ander persoon bang te maak
    - gebruik van elektroniese tegnologie; byvoorbeeld SMS'e of e-posse, gerugte wat deurgestuur is
    - e-pos geplaas op sosiale netwerk-webwerwe, verleentheid-foto's, videos, webwerwe of vals profiele.
    - Om ander te beledig
    - Die gebruik van rassistiese of seksistiese taal
    - Neerhalende of aanstootlike kommentaar

DIE INTERNET

Hoërskool Driehoek bied gratis vir personeel, leerders en gaste via ons tegnologiese infrastruktuur toegang tot die internet.

Internettoegang stel leerlinge in staat om duisende biblioteke, databasisse, museums en ander inligting te verken en met ander internetgebruikers te kommunikeer.

Gesinne moet egter bewus wees dat sommige materiaal wat via die internet toeganklik is, items bevat wat onwettig, lasterlik of potensieel aanstootlik is. Die internet is 'n groot en ongereguleerde wêreld-netwerk wat dit moontlik maak om kontroversiële materiaal of gedrag op die internet te vind wat sommige as aanstootlik of onvanpas kan beskou. Dit sluit pornografiese materiaal of materiaal met eksplisiete seksuele inhoud, en onaanvaarbare gedrag in private e-posse of sosiale netwerke en webwerwe in.

Terwyl die voorneme van die skool is om internethulpbronne vir konstruktiewe onderwys te gebruik, kan leerlinge maniere vind om toegang tot ander materiaal te kry. Ons glo dat die gebruik van die internet vir leerders voordelig kan wees deur gebruik van inligtingsbronne en geleenthede te bied vir samewerking.

Uiteindelik is ouers en voogde van minderjariges verantwoordelik vir die opstel en oordra van die standaarde (norme en waardes) wat hul kinders moet volg wanneer hulle media en inligtingsbronne gebruik. Gedurende skoolure is ons ook betrokke by die stel van standaarde deur die Skoolbeleid en die Inligtingkommunikasiebeleid en die Aanvaarbare Gebruikersbeleid asook by die monitering van die nakoming van ons reëls sodat die leerders voldoen aan die skool se gedragstandaarde. Dit sluit in onderwysers, IT-personeel en die adjunkhoofde en die skoolhoof.

Aangesien die skool se internetfasiliteite 'n beperkte hulpbron is en een waarvoor ons betaal, word daar van gebruikers verwag om dit hoofsaaklik te gebruik vir:

- direkte opvoedkundige doeleindes;
- toegang tot inligting vir private belange of stokperdjies;
- konstruktiewe kommunikasie met ouers en personeel, op voorwaarde dat dit nie antisosiaal van aard is nie.

Hulle word ook aangemoedig om bedagsaam te wees ten opsigte van die grootte van enige inligting wat hulle van die internet aflaai.

Gebruikers mag nie:

- materiaal wat gemerk is as 'nie bedoel vir minderjariges nie', selfs al het hulle 18 jaar geword, besoek of aflaai nie
- enige materiaal wat pornografies, beledigend en 'n ouderdomsbeperking het aflaai en versprei en doelbewus daarna kyk nie
- adresse van enige materiaal wat in een van die bogenoemde kategorieë val, versprei nie

Alle internetaktiwiteite word deur die IT-afdeling aangeteken, gemonitor en geargiveer. Die IKT-bestuurder en Netwerkbestuurder kan toegang tot alle "logs" verkry en kan lêers en kommunikasie hersien indien die behoefte ontstaan.

AFDELING 4: KAMERA-OPNAME EN DIE MONITERING DAARVAN EN ELEKTRONIESE TOESTELLE

INLEIDING

Geslotekringtelevisie (Hierna genome GKT) is geinstaleer op die einedom van Hoërskool Driehoek. Hierdie stelsel is geïnstalleer na deeglike konsultasieproses met die beheerliggaam en skoolbestuur. Hierdie beleid het ten doen die bestuur van die stelsel op so 'n wye dat dit nie sal inbreuk maak op die regte van leerders, personeel, ouers en besoekers van die skool nie. Hierdie beleid kan ook van tyd tot tyd hersien word sou die behoefte ontstaan.

DOEL VAN DIE BELEID

Die doel van die beleid is om die gebruik van GKT te reguleer in die monitering van die terrein asook geboue en gange, so dan ook vir enige dissiplinêre doeleindes van Hoërskool Driehoek om te verseker dat alle partye aan die Skoolbeleid en hierdie beleid voldoen..

OMVANG

Hierdie beleid is van toepassing op alle personeel, leerders, ouers en besoekers van Hoërskool Driehoek. Enige persoon wat die terrein betree onderwerp hom/haarself outomaties aan die beleid.

ALGEMENE BEGINSELS

Daar rus 'n statutêre plig op die beheerliggaam en die bestuur van die skool. Daar rus ook verder 'n plig van sorgsame toesighouding op die personeel van Hoërskool Driehoek ten opsigte van leerders aan hul sorg oorgelaat.

Die primêre doel van GKT is om misdaad, vandalisme te bekamp asook die gedragskode van Hoërskool Driehoek suksesvol toe te pas. Ingesluit hierby is bekamping van bullebakkery en diefstal. Die algemene veiligheid van Hoërskool Driehoek se werknemers, leerders, ouers en besoekers word dus met die in werkingstelling van hierdie voorsorgmaatreël verbeter.

Monitering van die terrein sal op so 'n professionele, etiese en regsgeldige wyse geskied en nie aangewend word vir enige ander doel nie deur hierdie beleid gedek nie. Die GKT stelsel mag nie aangewend word op enige moontlike wyse teen enige persoon te diskrimineer op grond van bv. ras, geslag, seksuele oriëntasie en gestremdheid nie. Visuele monitering van openbare gebiede is slegs gerig op

sekuriteit en dissiplinêre doeleindes en sal nie wetgewing oortree wat publieke reg tot redelike privaatheid gun nie.

Visuele data wat op enige wyse bekom is en nie gemagtig is deur hierdie beleid nie, mag nie in dissiplinêre stappe gebruik word nie.

LIGGING VAN KAMERAS

Kameras sal in geen area opgerig word waar enige persoon kan aandring op 'n redelike mate van privaatheid nie (Kleedkamers sorteer onder hierdie kategorie). Kameras wat so geplaas word om eksterne areas te monitor (bv. voetoorgange en skoolgange) sal so geposisioneer word dat dit minimum inbreek maak op private huishoudings asook individue wat toevallig in die area sou wees.

Geïdentifiseerde areas is as volg:

- Die hoof administrasiegebou
- Gange van die skool
- Skoolingange (hoofingang, sporthekke ens.)
- Parkeerareas
- Sportvelde en paviljoene
- Klaskamers

KENNISGEWING

Kennisgewing dat Hoërskool Driehoek van GKT gebruik maak, sal by die volgende gebiede aangebring word:

- Teen die palissade heining by alle ingange van die skool.
- In die ontvangs van die hoofadministrasiegebou.
- By sekere hoofgange van die skool.

TOEGANG TOT DATA

Data bekom deur die gebruik van GKT mag slegs beskikbaar gestel word aan buite persone met die goedkeuring van die skoolhoof, voorsitter van die beheerliggaam en toepaslike onderwysowerhede. Indien data beelde van leerders bevat mag hierdie data slegs beskikbaar gestel word met die toestemming van die skoolhoof, beheerliggaamvoorsittter, ouers / voogde van geïdentifiseerde leerders asook toestemming vanaf Departement van Onderwys.

Indien data geberg moet word sal tegnologiese dienste vanaf Hoërskool Driehoek hierby betrek word. Die persoon mag onder geen omstandighede hierdie data of die inhoud van hierdie data met derde partye bespreek of deel nie.

Die prosedure is as volg indien enige iemand behalwe die genoemde persoon hierbo 'n moontlike insident wil laat ondersoek:

1. Die persoon (klaer; hetsy dit 'n opvoeder of ouers is) het geen toegang tot die stelsel of gebergte data nie.
2. Die departementshoof/adjunkhoof/dissiplinêrebeampte sal data ondersoek vir moontlike oortredings.
3. Die klaer moet in sy versoek 'n tydraamwerk (dag en tyd) voorsien waarin die moontlike oortreding plaasgevind het.
4. Die klaer moet in gedagte hou dat geen data vir 'n tydperk langer as 5 dae gestoor is nie. Sou daar dus 'n versoek kom buite hierdie tydgleuf kan die geval ondersoek word maar kan die GKT nie deel hiervan uitmaak nie.
5. Die departementshoof/adjunkhoof/dissiplinêrebeamte kan volgens hulle diskresie wel 'n derde party/e by die ondersoek betrek. Hierdie partye is dan ook gebonde aan dieselfde riglyne vir di gebruik van die stelsel.

ONREGMATIGE GEBRUIK

Enige persoon wat van mening is dat die stelsel gebruik word vir enige doel, behalwe soos deur hierdie beleid uiteengesit kan amptelik 'n klagte indien by die skoolhoof of beheerliggaam van Hoërskool Driehoek.

AFDELING 5: NAGEVOLGE VAN DIE OORTREDING VAN HIERDIE BELEID, GRIEWE PROSEDURES & TUGVERHORE

Enige personeel, administratiewe personeel, leerders en gaste wat enige van hierdie bogenoemde reëls oortree, is onderhewig aan die normale dissiplinêre prosedures van die skool. Wanneer die skool se tegnologiese infrastruktuur gebruik word, moet leerders die volgende verstaan:

1. Alle gebruikers het die reg tot redelike privaatheid van hulle werk onder normale omstandighede en daarom is dit 'n oortreding om 'n ander gebruiker se rekening/wagwoorde te gebruik, maak nie saak wat die omstandighede is nie.
2. Alle kopieregwette moet gevolg word. Geen ongelisensieerde sagteware mag afgelaai word en/of 'n ander skrywer se werk gebruik word sonder om die nodige erkenning te gee of skriftelike toestemming nie.
3. Leerders mag slegs hulle eie toestelle gebruik met hulle eie rekeninge/wagwoorde. Enige oortreding van hierdie beleid kan opgespoor word tot 'n individu se toestel en die individu sal as die oortreder verantwoordelik gehou word

Toegang tot internet webwerwe en inligting is gefiltreer deur die skool se 'firewall'. Spesifieke kategorieë en reëls word gereeld nagegaan en hersien deur die skool. Dit is teen hierdie beleid om die skool se 'firewall' te probeer omseil en om by enige netwerk te probeer inskakel sonder enige toestemming.